# BERGING- EN HANTERINGSTARIEWE VIR KORING 2025/2026

*(EN WAAR VAN TOEPASSING VOERGRAAD GARS)*

| | | |
|---|---|---|
| Opbergingsopsies en tariewe vir koring en voergars: **01 Oktober 2025 tot 30 September 2026** | **Hantering** | |
| | **R/ton (BTW uitgesluit)** | **R/ton (BTW ingesluit)** |
| | R 78.95 | R 90.79 |
| | | |
| | **Dag tarief** | |
| | **R/ton (BTW uitgesluit)** | **R/ton (BTW ingesluit)** |
| | R 1.49 | R 1.71 |
| | | |
| | **Seisoen tarief** | |
| | **R/ton (BTW uitgesluit)** | **R/ton (BTW ingesluit)** |
| | R 157.94 | R 181.63 |

| | | |
|---|---|---|
| Oordragvoorrade **1 Oktober 2025** | **Plafon dae = 106 dae x dagtarief** | |
| | **R/Ton per dag (BTW uitgesluit)** | **R/ton per dag (BTW ingesluit)** |
| | R 1.49 | R 1.71 |

| | |
|---|---|
| Uitgestelde opberging | Kliënt het tot 31 Maart 2026 om `n opsie te kies |

| **Diverse / Administrasie koste opsomming (van toepassing op alle graansoorte in hierdie tarief dokument. Diverse en Administratiewe koste word hersien met somergraan tarief dokument op 1 Mei 2026)** | | |
|---|---|---|
| **A** | **Administrasie Tariewe (01/05/2025 – 30/04/2026)** | |
| | Instruksie wysigings | R6.00 per ton / R114.20 minimum per transaksie (BTW uitgesluit)<br>R6.90 per ton / R131.33 minimum per transaksie (BTW ingesluit) |
| | Oorplasing / konsolidasie | R8.80 per ton / R147.40 minimum per transaksie (BTW uitgesluit)<br>R9.66 per ton / R169.51 minimum per transaksie (BTW ingesluit) |
| | Sertifikaat omskakeling na ander tarief opsies/Sertifikaat uitreikings koste | R5.21 per ton / R114.20 minimum per transaksie (BTW uitgesluit)<br>R5.99 per ton / R131.33 minimum per transaksie (BTW ingesluit) |
| **B** | **Diverse Tariewe (01/05/2025 – 30/04/2026)** | |
| | Weeg | R6.71 per ton (BTW uitgesluit)<br>R7.72 per ton (BTW ingesluit)<br>Minimum koste per vrag<br>R86.98 (BTW uitgesluit)<br>R100.03 (BTW ingesluit) |
| | Uitsakkoste (sakke uitgesluit) | R175.87 per ton (BTW uitgesluit)<br>R202.25 per ton (BTW ingesluit) |

# KENNISGEWING

Geagte Kliënt

Senwes Beperk gee hiermee kennis van die opbergingsopsies en tariewe soos wat dit vir die 2025/2026 koring seisoen en waar van toepassing op voergraad gars toegepas sal word vir binnelandse wintergraan. Invoer wintergraan sal op 'n aparte kontrak basis hanteer word en is hierdie berging en hanteringstariewe nie daarop van toepassing nie.

Hierdie inligtingsbrief en kennisgewing gelees met Senwes se standaard opbergingsvoorwaardes (wat by die silo's en hoofkantoor op aanvraag beskikbaar is) vorm die geheel ooreenkoms waarkragtens u van die opbergingsfasiliteit gebruik maak. Indien enige terme en voorwaardes wat hierin vervat is, die standaard terme van toepassing op die opberging van produkte weerspreek, sal die bepalings van hierdie kennisgewing deurslaggewend wees. Enige keuse wat hiervolgens uitgeoefen word is slegs van toepassing op die toepaslike seisoen.

Niks hierin vervat sal vertolk word as dat Senwes verplig wees om alle of enige produkte aangebied deur die kliënt, vir opberging te aanvaar nie. Die aanvaarding daarvan al dan nie sal te alle relevante tye berus by die Senwes wat sy diskresie sal mag uitoefen aan die hand van onder andere, sy eie behoeftes, die beskikbaarheid van spasie of die funksionaliteit al dan nie van bepaalde silo's.

Senwes behou die reg voor om die tariewe gedurende die jaar te verander sou operasionele omstandighede dit vereis. Waar graan gelewer is en die relevante bergingsopsie gekies is, sal die nagekom word.

Kliënte moet hul self vergewis van die tariewe sodat die regte keuse gemaak kan word, geen krediet sal gegee word vir die verkeerde keuse wat gemaak is nie.

Administratiewe en diverse tariewe word in hierdie tarief dokument gewysig en vervang dus alle vorige publikasies.

* **Die vordering van statutêre heffings word gedoen soos wat deur wetgewing vereis word.**

*** Vir doelmatigheidsredes sal daar ook na koring en gars hierna verwys as "graan", tensy spesifiek gedefinieer.**

**LET WEL: BTW IS BETAALBAAR OP ALLE TARIEWE.**

## 1. OPBERGINGSOPSIES EN - TARIEWE

### 1.1. Algemene Dagopberging:

Hierdie is die standaard opbergingstariewe wat toegepas gaan word indien u nie een van die ander bergingsopsies kies nie.

1.1.1. Hanteringstarief per ton vir inname en uithantering is as volg:

| Produk | Periode | Rand per ton |
|---|---|---|
| Koring en voergars | 1 Oktober 2025 tot 30 September 2026 | R78.95 (BTW uitgesluit) R90.79 (BTW ingesluit) |

1.1.2 Dagopbergingstarief: tarief per ton per dag is as volg:

| Produk | Periode | Rand per ton per dag |
|---|---|---|
| Koring en voergars | 1 Oktober 2025 tot 30 September 2026 | R1.49 (BTW uitgesluit) R1.71 (BTW ingesluit) |

1.1.3 Die dagopberging is maandeliks betaalbaar in welke geval die koring of gars as sekuriteit aangewend sal word. Die koste vir hierdie tarief-opsie word gefaktureer by lewering of oorplasing van koring en gars na hierdie opsie en is binne 30 dae na datum van maandstaat betaalbaar waarna rente teen ABSA Bank se heersende prima uitleenkoers, soos van tyd tot tyd van toepassing, gehef word vanaf die datum waarop die bedrag betaalbaar was tot datum van volle betaling.

**1.2 Seisoentarief**

Die kliënt wat van hierdie opsie gebruik maak sal verplig wees om 'n enkel bedrag vooruit te betaal vir alle opbergingskoste met betrekking tot 'n kliënt se gekose tonnemaat wat die totale koste vir hantering en berging verteenwoordig van die gekose tonnemaat vir die periode 1 Oktober 2025 tot 30 September 2026.

Hierdie seisoentarief opsie is onderhewig aan die volgende bykomende voorwaardes:

1.2.1 Die kliënt moet sy keuse skriftelik by die silo of by Senwes se hoofkantoor (Grainlink afdeling) uitoefen ten einde van hierdie opsie gebruik te maak en betaling van die enkel bedrag maak voor of op 30 dae na datum van maandstaat waarna rente teen ABSA Bank se heersende prima uitleenkoers, soos van tyd tot tyd van toepassing, gehef sal word vanaf die datum waarop die bedrag betaalbaar was tot datum van finale vereffening.

**Hanteringstarief per ton:**

| Produk | Periode | Rand per ton |
|---|---|---|
| Koring en gars | 1 Oktober 2025 tot 30 September 2026 | R78.95 (BTW uitgesluit) R90.79 (BTW ingesluit) |

**Seisoentarief opberging per ton:**

| Produk | Periode | Rand per ton |
|---|---|---|
| Koring en gars | 1 Oktober 2025 tot 30 September 2026 | R157.94 (BTW uitgesluit) R181.63 (BTW ingesluit) |

1.2.2 Indien die kliënt hierdie opsie gekies het, is hierdie opsie **nie oordraagbaar** aan enige iemand anders nie.

1.2.3 Waar voorraad vanaf 'n koper se folio na die koper se finansiering folio oorgedra word is die regte wel oordraagbaar. Waar voorraad vanaf 'n dag tarief na seisoen tarief oorgeplaas word, is albei tariewe ter sprake soos gestipuleer op die tarief dokument.

1.2.4 Indien die kliënt enige gedeelte of die volle hoeveelheid van die graan wat kragtens hierdie opsie opgeberg word, sou vervreem of uitlaai voordat die periode verstryk het, sal geen krediet vir die onverstreke periode aan die kliënt toegestaan word nie.

1.2.5 Hierdie opsie geld slegs vir graan wat op 'n voorraadrekening gehou word. Indien die kliënt wat graan kragtens 'n Safex-sertifikaat of Senwes silo-sertifikaat hou, van die opsie gebruik wil maak, moet die Senwes silo-sertifikaat gekanselleer word en die tonnemaat graan op 'n voorraadrekening geplaas word. Die administratiewe koste vir die oorplasing sal 'n bedrag van R5.21 (BTW uitgesluit), R5.99 (BTW ingesluit) per ton beloop, onderhewig aan 'n minimum bedrag van R114.20 (BTW uitgesluit) R131.33 (BTW ingesluit) per transaksie.

1.2.6 Senwes behou homself die reg voor om ter enige tyd die silo's waar die opsie van toepassing is, te verander, welke besluit geneem sal word uit besigheidsoorwegings wat Senwes in sy eie diskresie in ag kan neem.

**1.2. Senwes silo-sertifikate (Slegs koring)**

1.3.1 Die Senwes algemene dagopbergingstariewe soos omskryf in paragraaf 1.1 word outomaties deur die stelsel gehef vanaf die datum waarop die silo-sertifikaat uitgereik word tot op die datum waarop die sertifikaat by Senwes aangebied word.

1.3.2 Wanneer 'n Senwes silo-sertifikaat uitgereik word, moet die opgelope silokoste, ooreenkomstig die silo-koste-opsie wat gegeld het tot op die datum, onmiddellik betaal word, voordat die sertifikaat uitgereik sal word.

1.3.3 Die kliënt is geregtig om ter enige tyd in oorleg met Senwes die sertifikaat wat aangebied word om te skakel na kliënt -opberging en sy opbergingskeuse te wysig na 'n ander toepaslike tarief opsie, Die administratiewe koste vir die omskakeling sal 'n bedrag van R5.21 (BTW uitgesluit), R5.99 (BTW ingesluit) per ton beloop, onderhewig aan 'n minimum bedrag van R114.20 (BTW uitgesluit) R131.33 (BTW ingesluit) per transaksie.

1.3.4 Graan sal nie uitgelaai word voordat alle uitstaande opgelope koste ten volle vereffen is nie.

**1.4 Safex Sertifikaat opbergings tarief (Slegs koring)**

Die tarief met betrekking tot hierdie opsie sal van toepassing wees op alle graan wat gehou word kragtens 'n Safex silo-sertifikaat onderhewig aan die volgende bykomende terme en voorwaardes:

1.4.1 Die Safex tarief soos gepubliseer deur JSE word outomaties deur die stelsel gehef vanaf die datum waarop die silo-sertifikaat uitgereik word tot op die datum waarop die sertifikaat by Senwes aangebied word.

1.4.2 Waar aansoek gedoen word vir die uitreiking van 'n Safex silo-sertifikaat, moet die opgelope silokoste ooreenkomstig die silokoste-opsie wat gegeld het tot op die datum, onmiddellik betaal word, voordat die sertifikaat uitgereik sal word.

1.4.3 Die kliënt is geregtig om ter enige tyd in oorleg met Senwes die Safex silo-sertifikaat wat aangebied word om te skakel na kliënte-opberging en sy opbergingskeuse te wysig na 'n ander toepaslike tarief opsie. Die administratiewe koste vir die omskakeling sal 'n bedrag van R5.21 (BTW uitgesluit), R5.99 (BTW ingesluit) per ton beloop, onderhewig aan 'n minimum bedrag van R114.20 (BTW uitgesluit) R131.33 (BTW ingesluit) per transaksie.

1.4.4 Graan sal nie uitgelaai word voordat alle uitstaande opgelope koste ten volle vereffen is nie.

## 2. UITGESTELDE OPBERGING (Slegs met eerste lewering)

kliënte het tot 31 Maart 2026 tyd om 'n opbergingsopsie te kies. Gedurende die periode tot 31 Maart 2026 word die debitering van hantering en berging uitgestel tensy die bepalings van 'n spesifieke opsie anders bepaal.

2.1. **Verkope voor of op 31 Maart 2026**

Indien graan wat op die uitgestelde opberging gelewer is, verkoop word (buite Senwes) voor of op 31 Maart 2026 word die hantering en opgeloopte opberging soos op datum van die transaksie deur Senwes verreken en is dit betaalbaar voordat die graan uitgelaai word of 'n Safex/silo-sertifikaat, indien deur die kliënt versoek, uitgereik en gelewer word.

2.2. **Verkope na 31 Maart 2026**

Indien die graan wat op die uitgestelde opberging gelewer is, verkoop word (buite Senwes) na 31 Maart 2026 en nadat die fakturering plaasgevind het, moet die kostes wat gedebiteer is, soos op datum van die transaksie deur die kliënt betaal word, voordat die graan uitgelaai of 'n Safex/silo-sertifikaat, indien versoek deur kliënt, uitgereik en gelewer word.

**Indien die kliënt versuim om 'n opbergingsopsie van sy keuse voor 31 Maart 2026 te kies, sal die seisoen tarief opsie in werking tree. Betaling moet binne 30 (dertig) dae na staat plaasvind.**

## 3. OORDRAGVOORRAAD

3.1

| Produk | Datum van oordrag |
|---|---|
| Koring | 1 Oktober 2025 |

Die tarief van toepassing vir opberging op koring voorraad, wat oorgedra word vanaf die voorafgaande opberging seisoen en op bogenoemde datum van oordrag steeds in Senwes se silo's geberg word, is die dag opbergingstarief soos omskryf in paragraaf 1.1 van toepassing.

3.2 Dagtariewe sal maandeliks gevorder word tot by uitlaai datum of wanneer die plafon vlak van 106 dae X dagtarief bereik word, watter ook al eerste geskied. Betaling van die dagtariewe moet gemaak word voor of op 30 dae na datum van maandstaat waarna rente teen ABSA Bank se heersende prima uitleenkoers, soos van tyd tot tyd van toepassing, gehef sal word vanaf die datum waarop die bedrag betaalbaar was tot datum van finale vereffening.

3.3 Oordrag van 2024/2025 koring grade wat op 30 September 2025 nog in Senwes silo's geberg is, sal geskied volgens fisiese grade wat tans in silo opgeberg is, sodat geallokeerde grade in sal pas volgens die nuutste regulasie soos van toepassing op 01 Oktober 2025.

## 4. ONTVANGSTES

4.1 Surplus vog (meer as 13%):

Die gelewerde graanmassa word by lewering, met die gebruik van die vog formule, verminder na onderstaande vog persentasie (Sien punt 6.3 vir meer inligting).

| Produk | Voginhoud droog |
|---|---|
| Koring/Voergars | 12.5% |

4.2 **Koring** kan by die volgende bedryfspunte ontvang word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bloemhof Silo | Hennenman Silo | Petrusburg Silo | Vierfontein Silo |
| Bothaville Silo | Hoogte Silo | Potchefstroom Silo | Ventersdorp Silo |
| Bultfontein Silo | Hoopstad Silo | Raathsvlei Silo | Viljoenskroon Silo |
| Christiana Silo | Leeudoringstad Silo | Steynsrus Silo | Welgelee Silo |
| De Brug Silo | Magogong Silo | Tierfontein Silo | Wesselsbron Silo |
| Hartsbeesfontein silo | Migdol Silo | Theunissen Silo | Winburg Silo |
| Hartswater Silo | Oberholzer Silo | Van Tonder Silo | Willemsrus Silo |

**Voergars** sal by die volgende bedryfspunte ontvang word:

| |
|---|
| Hartswater Silo |
| Magogong Silo |

**Produsente moet asb. seker maak dat die silo waar hy sy koring wil lewer wel as SAFEX silo geregistreer is.**

## 5. GRAANKOSTEREKENING (REKENING 400)

5.1 Alle kostes is betaalbaar 30 dae na maandstaat datum, uitgesluit punt 1.4.2, of soos met Senwes skriftelik ooreengekom. Indien die kliënt versuim om die betaling betyds te maak, word rente, daagliks bereken teen ABSA bank se heersende prima uitleenkoers soos van tyd tot tyd van toepassing en maandeliks saamgestel, op die uitstaande bedrae gehef. ‘n Sertifikaat uitgereik deur ‘n bestuurder van ABSA Bank, wie se aanstelling en bevoegdheid nie bewys hoef te word nie en waarin die relevante rentekoerse uiteengesit word, sal dien as prima facie bewys van sodanige rentekoers.

5.2 Onttrekking en oorplasing van graan vanuit kliënte opberging sal slegs toegelaat word en silo- en Safex-sertifikate sal slegs uitgereik word, indien alle rekeninge ten volle vereffen is. Senwes mag egter sy eie diskresie sodanige onttrekking of uitreiking toelaat, indien daar op daardie stadium voldoende graan, in retensie op voorraad oorbly om as sekuriteit (pand) vir Senwes se uitstaande rekening te dien.

5.3 Diverse kostes soos heffings, droogoond- en skoonmaakkoste en dies meer sal ook teen Rekening 400 gedebiteer word.

5.4 ` n Sertifikaat uitgereik deur ‘n bestuurder van Senwes, wie se aanstelling en bevoegdheid nie bewys hoef te word nie en waarin die bedrag/bedrae deur die kliënt aan Senwes verskuldig uiteengesit word, sal dien as prima facie bewys van sodanige verskuldigheid.

## 6. KORING DROOG- EN SKOONMAAKTARIEWE (Slegs koring)

6.1 Vog persentasies van koring word met behulp van 'n bedryf aanvaarbare standaard vogmeter bepaal wat volgens die vervaardiger se voorskrifte en prosedures gekalibreer is.

6.2 Graan wat nie kunsmatig gedroog gaan word nie, word ingeneem indien dit nie meer as die volgende persentasies vog bevat nie:

| Produk | Vog inhoud droog |
|---|---|
| Koring | 13% |

6.3 Senwes is van tyd tot tyd, volgens sy diskresie, bereid om by silo's waar drogingsfasiliteite beskikbaar is, graan van 'n hoër voggehalte te aanvaar. Die graan kan dan op die koste van die kliënt gedroog word, onderhewig aan die toepaslike massa-aanpassing vir surplus vog. Volledige inligting met betrekking tot die beskikbaarheid en vereistes ten opsigte van die drogingsfasiliteit is by die silo beskikbaar.

**6.4 Droogtariewe** van toepassing is as volg**:**

| **Koring ingang:** | **01 Oktober 2025** | |
|---|---|---|
| **Vog %** | **R per ton (BTW uitgesluit)** | **R per ton (BTW Ingesluit)** |
| 13.1 - 14 | R 61.64 | R 70.89 |
| 14.1 – 15 | R 123.28 | R 141.77 |
| 15.1 – 16 | R 184.92 | R 212.66 |
| *16.1 – 17 | R 246.56 | R 283.54 |
| *17.1 – 18 | R 308.20 | R 354.43 |

**Droogtariewe van toepassing op die volgende Silo's: Bloemhof/, Hoopstad/, Wesselsbron en Willemsrust Silo (Hierdie tariewe is slegs van toepassing nadat nuwe droeërs by Hoopstad-, Wesselsbron- en Willemsrust-Silo geïnstalleer is) :**

| **Koring ingang:** | **01 Oktober 2025** | |
|---|---|---|
| **Vog %** | **R per ton (BTW uitgesluit)** | **R per ton (BTW Ingesluit)** |
| 13.1 - 14 | R 34.63 | R 39.82 |
| 14.1 – 15 | R 69.25 | R 79.64 |
| 15.1 – 16 | R 103.88 | R 119.46 |
| *16.1 – 17 | R 138.50 | R 159.28 |
| *17.1 – 18 | R 173.13 | R 199.10 |

*** Slegs in uitsonderlike gevalle en na diskresie van die silobestuurder met inagneming van bedryfsomstandighede en kapasiteit beskikbaar.**

**Alle koring met 'n vog persentasie meer as 13.0% wat gedroog word sal eers onttrek kan word 15 werksdae na lewering, indien droë koring beskikbaar is.**

### 6.5 VERWYDERING VAN SKADELIKE SADE

A.g.v. wetgewing wat beperkend is op skadelike sade asook die tydrowende aksie om skadelike sade te verwyder uit koring, sal die opsie om skadelike sade te verwyder in koring nie verder aangebied word by die silo's nie.

### 6.6 VERWYDERING VAN OORMAAT SIFSELS

Sifsels beteken alle materiaal wat deur die standaard sif beweeg soos omskryf in die toepaslike regulasie met betrekking tot koring.

Aangesien koring op 'n skoon basis ontvang word, bly die aftrekkings Senwes se eiendom.

#### 6.6.1. Verwydering van oormaat sifsels, vreemde materiaal en onsuiwerhede m.b.t. Supergraad en Graad B1 tot B3 koring

Toepaslike koring regulasie bepaal dat Supergraad en Graad 1 tot 3 koring se sifsels beperk is tot 3%. Sou koring by lewering 'n 3% - 6% sifselinhoud hê sal Senwes sodanige koring ontvang onderworpe daaraan dat die **kliënt** instem dat die oortollige sifsels verwyder (uitgesif) word en onderworpe dat die spesifieke silo die nodige kapasiteit het om die sifsels te verwyder. Die kostes verbonde aan die verwydering van oortollige sifsels word hieronder aangedui. Gegewe dat koring op 'n skoon basis ontvang word, word alle sifsels van die massa van die koring ontvang afgetrek. (m.a.w. `n aftrekking tot 0%). Indien die sifsel persentasie 6% oorskry, sal die graad oor beweeg na Klas Ander, maar ook met inagneming dat `n beter graad toegeken kan word indien dit operasioneel haalbaar is by die betrokke silo. (Beter graad toekennings is slegs van toepassing indien die afgradering was a.g.v. oormaat sifsels, vreemde materiaal en onsuiwerhede, maar word beperk tot `n maksimum van 15%)

Aangesien koring op 'n skoon basis ontvang word by Senwes, **is alle aftrekkings m.b.t sifsels, vreemde materiaal en onsuiwerhede vir Supergraad en Graad 1 tot B3 koring tot op 0%.**

`n Massa aanpassing soos gradering dit bepaal sal gedoen word en indien die silo wel beskik oor die operasionele kapasiteit, kan die diens aangebied word om die graan skoon te maak teen `n koste soos hier onder omskryf:

**Die skoonmaak/sif tariewe van toepassing is as volg:**

| **Koring ingang:** | **01 Oktober 2025** |
|---|---|

| **Sifsel %** | **Rand per ton (BTW uitgesluit)** | **Rand per ton (BTW Ingesluit)** |
|---|---|---|
| 3.1 - 6.0 | R 75.81 | R 87.18 |
| *6.1 – 8.0 | R 161.33 | R 185.53 |
| *8.1 – 10.0 | R 320.72 | R 368.83 |
| *10.1 – 12.0 | R 480.11 | R 552.13 |
| *12.1 – 15.0 | R 639.50 | R 735.43 |

*** Slegs in uitsonderlike gevalle en na diskresie van die silobestuurder met betrekking tot BSG , B1 , B2 en B3 grade**

#### 6.6.2. Verwydering van oormaat sifsels, vreemde materiaal en onsuiwerhede m.b.t. Klas Ander koring (BKA) soos in punt 6.6.2.1 en 6.6.2.2.

BKA koring sal by lewering by Senwes op verskillende wyses hanteer word en sal daar `n onderskeid wees tussen BKA koring en BKA2 koring.

Aangesien koring op 'n skoon basis ontvang word by Senwes, is alle aftrekkings m.b.t. oormaat sifsels, vreemde materiaal en onsuiwerhede vir BKA koring tot op 0% aangepas.

**6.6.2.1 Omskrywing van BKA koring:**

Koring wat afgradeer na BKA a.g.v. ander faktore uitgesluit sifsels, vreemde materiaal en onsuiwerhede, kan ontvang word tot op maksimum persentasie sifsels, vreemde materiaal en onsuiwerhede van 15%. `n BKA graad sal in die geval toegeken word. Dit kan ook slegs droog ontvang word, m.a.w. met `n maksimum vog van 13%.

Aangesien koring op 'n skoon basis ontvang word by Senwes, is alle aftrekkings met betrekking tot oormaat sifsels, vreemde materiaal en onsuiwerhede vir BKA koring tot op 0%. (Let wel dat daar geen skoonmaak - of sif opsie om die BKA koring te kan lewer vir `n beter graad nie).

In hierdie geval sal geen skoonmaak koste gehef word vir koring wat klassifiseer as BKA koring nie.

Wat BKA koring verder betref, koring wat afgradeer na BKA a.g.v. sifsels, vreemde materiaal en onsuiwerhede met `n persentasie bo 15% en nie ander graderings faktore nie, kan ontvang word tot `n maksimum van 20% sifsels en sal ook `n BKA graad sal toegeken word. Dit kan ook slegs droog ontvang word, m.a.w. met `n maksimum vog van 12.5%.

`n Massa aanpassing soos gradering dit bepaal kan gedoen word soos omskryf in punt 6.6.2 en slegs indien die silo wel beskik oor die operasionele kapasiteit. Hierdie diens kan aangebied word om die graan skoon te maak teen `n koste soos hier onder omskryf. (Let weereens dat daar geen skoonmaak - of sif opsie is om die koring te kan lewer vir `n beter graad nie en is BKA die enigste graad wat toegeken kan word).

In hierdie geval sal die volgende skoonmaak kostes geld:

**Die skoonmaak / sif tariewe van toepassing is as volg vir BKA:**

| Sifsel en vreemde stowwe % | Rand per ton (BTW uitgesluit) | Rand per ton (BTW Ingesluit) |
|---|---|---|
| 15.1 – 20.0 | R 735.05 | R 845.31 |

Indien `n kliënt sou verkies om nie van hierdie sifaksie gebruik te maak nie sal `n BKA2 graad toegeken word en op die voorwaardes rakende opberging omskryf in 6.6.2.2

**6.6.2.2 Omskrywing van BKA2 koring:**

Enige graad koring wat meer as 20% sifsels het sal daar 'n BKA2 voor graad toegeken word en apart geberg word waar kapasiteit dit toelaat en betrokke Operasionele streekbestuurder sal bepaal by watter bedryfspunt kan die koring gelewer kan word. Die bergingskapasiteit vir BKA2 koring is egter beperk.
Daar sal geen aftrekking van toepassing wees vir BKA2 wat sifsels, vreemde materiaal en onsuiwerhede betref nie, maar `n 6% fisiese verlies aftrekking sal wel toegepas word.

BKA2 kan ook slegs droog ontvang word, m.a.w. met `n maksimum vog van 13%.

## 7. DIVERSE TARIEWE

Diverse dienste is ondersteunend tot Senwes se graandienste en word aangebied waar die toerusting beskikbaar is en nie beset is nie. Die tariewe wat geld vir die gebruik van diverse Senwes bedryfsfasiliteite is vanaf 1 Oktober 2025 tot 30 September 2026 soos volg:

### 7.1 Massametings (BTW uitgesluit)

7.1.1. Alle kliënte wat die massa van 'n vrag wat nie afgelaai word nie wil bepaal, betaal R6.71 per ton (BTW uitgesluit) R7.72 (BTW ingesluit) op die totale massa van die vrag, vir die gebruik van

die massameter met ŉ minimum koste van R86.98 per vrag (BTW uitgesluit) R100.03 (BTW ingesluit).

7.1.2. Kliënte en privaatinstansies wat nie oor kliënte nommers beskik nie, moet kontant vir die diens betaal wanneer dit gelewer word.

7.1.3 Senwes aanvaar geen regsaanspreeklikheid vir die korrektheid van die massa van sodanige goedere wat geweeg word nie.

7.1.4. Senwes gradeer nie ŉ vrag met graan wat geweeg en nie afgelaai word nie.

**7.2 Versakkingskoste**

Koste vir versakking van graan beloop R175.87 (BTW uitgesluit), R202.25 (BTW ingesluit) per ton waar minder as 10 ton versak word. kliënte verskaf hul eie sakke. Indien meer as 10 ton versak wil word kontak Bestuurder Silobedryf. Die streekbestuurder is onder geen verpligting om sodanige toestemming te gee nie.

## 8. VERSPORINGS / GRAAN UITLAAI

8.1 Enige kliënte wat graan wil uitlaai moet Senwes ten minste 10 werksdae (Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit) kennis gee van sy voorneme om graan te onttrek. Geen graan mag uitgelaai word sonder Senwes se toestemming nie.

8.2 Koring wat by lewering van die geregistreerde eienaar nie aan die oorspronklike graad voldoen nie sal deur middel van ŉ afrekening (op-of afgradering) reggestel word. Indien ŉ laer graad by onttrekking aan die geregistreerde eienaar gelewer word, sal ŉ regstellende betaling aan die geregistreerde eienaar gemaak word terwyl die geregistreerde eienaar weer op sy beurt ŉ regstellende betaling aan Senwes moet maak indien ŉ hoër graad koring by onttrekking aan hom gelewer word. Die op of afgradering sal beperk wees tot een graad beter of swakker as die graad koring ontvang by inname.

8.3 Die regstellende betaling tussen die geregistreerde eienaar en Senwes op die dag van onttrekking sal plaasvind en bereken word op die prysverskil van die aangekoopte graad met B1 as algemene basis (Die JSE B1 Koring tarief word as basis gebruik).

## 9. ADMINISTRATIEWE TARIEWE

**WOORDOMSKRYWINGS**

- **“Fasilitering”** beteken waar Senwes die administrasie van die kontrak namens die koper van die graan hanteer.
- **“Voorraadoorplasing”** is waar die voorraad van een persoon/ kliënte oorgeplaas word na ŉ derde party.
- **“Standaard Leweringsinligting”** bevat onder andere inligting soos die leweringsdatum, tipe graan, voertuigregistrasie nommer en netto massa.
- **“Versporing”** is enige vorm van transport waar die produk van een punt na ŉ ander getransporteer word.
- **“Kopers”** is individue en/of instansies wie graan aankoop.
- **“Produsente”** is individue en/of instansies wie graanprodukte produseer.

- **“Kliënt”** is ‘n individue en/of regspersoon met wie Senwes kontrakteer op die terme en voorwaardes hierin vervat.
- **“Werksdae”** is alle weeksdae uitgesluit Saterdae, Sondae en publieke vakansiedae.

## 9.1 DIREKTE ONTVANGSTES/LEWERINGS BY SILO’S VIR KOPERS VANAF ANDER PRODUSENTE

Kan op twee maniere hanteer word, naamlik fasiliterings of direkte ontvangstes op folio nommers.

### 9.1.1 DIREKTE ONTVANGSTES

Transaksie geskied as volg:

- Voordat graan by silo ontvang kan word, moet die kliënt wat die graan op sy folio wil lewer, eers hoofkantoor skakel om seker te maak dat daar wel ’n folio nommer beskikbaar is om graanontvangstes op te kan doen. ’n Folio nommer sal met “52*****” of 4******” begin.
- Indien daar nie ’n folio nommer beskikbaar is nie, moet dit eers geskep word deur Senwes of sy agent en moet alle toepaslike dokumentasie en aansoekvorms ontvang en onderteken word. Kontak u graanverkryger of silobestuurder.
- Die kliënt, soos vermeld in die voormelde skrywe, betaal ’n hanteringstarief per ton, welke tarief onder andere voorsiening maak dat beperkte standaard leweringsinligting aan die kliënt beskikbaar gestel word op aanvraag.

### 9.1.2 FASILITERINGS

- Die koper is geregtig op inligting met betrekking tot voorraad-ontvangstes, bestellings, versporings en balanse.
- Fasiliterings transaksies word soos volg hanteer:
    - Senwes skep ’n aankoopkontrak wat die produsent in staat stel om by die silo te kan lewer.
    - Hierdie aankoopkontrak word gekoppel aan ’n verkoopkontrak wat in die koper se naam geskep word.

**- NUWE FASILITERINGS OP UITGESTELDE BERGING**

- Kopers kan voort fasiliterings kontrakte uit oefen. Dit stel die koper in staat om die graan op uitgestelde berging te ontvang.
- Kopers moet voor lewerings plaasvind, ‘n fasiliteringskontrak laat skep en seker maak die boer het ‘n bestaande Senwes lidnommer, as die nie in plek is nie sal voorraad op boer se folio ontvang word.
- Sodra die koper graan wil uitlaai, moet Senwes skriftelik daarvan in kennis gestel word, sodat die graan op die regte folio nommer geplaas kan word, sodat daar instruksies uitgereik kan word.
- Die koper kan self die lewerings daagliks gaan trek op ,‘‘My Senwes‘‘ of “One Agri”
- Die droog- en skoonmaakkostes word teen die koper gedebiteer.

- Die koper se kontrak word oopgemaak op sy leweringsnommer, met ander woorde , die nommer wat begin met ,‘‘52****‘‘ of 4******.

- Sodra die graan uitgelaai gaan word per pad/spoor, sal die voorraad na die ,‘‘53***** nommer oorgeplaas word.

- Die dagopberging, hantering, silokoste en administrasiekostes is vir die koper se rekening.

- Senwes is nie aanspreeklik vir enige skade in gevalle waar die produsent besluit om nie sy graan op die fasiliteringskontrak te lewer nie.

- Senwes is nie die agent of verteenwoordiger van die kliënt nie.

- **Senwes benodig die volgende inligting indien u sou belangstel in fasiliterings transaksies:**

- Silo waar lewering sal plaasvind.
- Die tipe graan wat gelewer gaan word, bv. Koring.
- Die produsent se naam en leweringsnommer.
- Die tonnemaat wat gelewer gaan word.

**9.1.3 VOORRAADBALANSE EN VERSENDINGSINLIGTING TEN OPSIGTE VAN SILOSERTIFIKATE / VOORRAADOORPLASINGS VANAF EEN KLIëNT NA ‘N ANDER KLIëNT**

- Hierdie inligting is aanlyn beskikbaar op die One Agri toepassing.

**9.1.4 VOORRAADOORPLASINGS EN KONSOLIDASIE VAN VOORRAAD**

- Indien ’n klein hoeveelheid voorraad van die koper op ’n kontrak oorbly, kan Senwes, sonder om daartoe verplig te wees, dit oorweeg om dit terug te koop teen ’n ooreengekome prys.

- Oorplasingskoste van voorraad vanaf een kliënt na ’n ander beloop R8.40 (BTW uitgesluit), R9.66 per ton (BTW ingesluit), onderhewig aan ’n minimum van R147.40 (BTW uitgesluit), R169.51 (BTW ingesluit) per transaksie en ’n maksimum van R1 370.24 (BTW uitgesluit) R1 575.78 (BTW ingesluit) Die kontraknommer, koperkode, tonnemaat en silo moet vermeld word met so ’n versoek. Beide partye moet **skriftelik toestemming** gee vir hierdie tipe oorplasing asook wie verantwoordelikheid aanvaar vir die oorplasingskoste. Gepaste dokumentasie vir die doel is by u naaste silo beskikbaar.

- Voorraadbalanse en/of versending inligting is beskikbaar soos in punt 10.1.3 omskryf.

**9.1.5 ELEKTRONIESE SILOSERTIFIKATE**

- Uitreikingskoste van ’n <u>**Elektroniese Silosertifikaat**</u> beloop:
  - R5.21 per ton (BTW uitgesluit), R5.99 per ton (BTW ingesluit) beperk tot ` n minimum van R114.20 (BTW uitgesluit), R131.33 (BTW ingesluit) per silosertifikaat;
  - Electronic Silo Certificate (“ESC”) transaksiekoste soos van tyd tot tyd deur ESC bepaal word.
- Senwes Elektroniese Silo sertifikate bied onder andere die volgende voordele, sonder om dit te waarborg:

  - Eienaarskap oordrag geskied in ’n veilige omgewing;
  - Verhoogde effektiwiteit deur verbeterde kontroles, die uitskakeling van die versending van silo sertifikate aan kliënte asook die kansellasie van sertifikate;

- Die risiko van bedrog word verminder;
- Intydse inligting is beskikbaar;
- Die Elektroniese Silo sertifikaatregister vergemaklik rekordhouding vir kliënte en kan selfs bestaande rekordhouding van kliënte vervang.
- Die stelsel is tot beskikking en gemak van silo-eienaars en alle partye wat silosertifikate gebruik, insluitende makelaars, handelaars en verwerkers:
- Koste verbonde aan Senwes Elektroniese Silo sertifikate: Die produsent/ kliënt is verantwoordelik vir normale silokoste ten opsigte van hantering en berging;
- Kliënte moet by ESC hul unieke pin nommer en wagwoord registreer;
- Besoek www.silosert.co.za vir registrasie en verdere opleiding.

### 9.1.6 VERVOER OOREENKOMTES

**Let wel :** Uitlaai geskied streng volgens vooraf bespreking soos hieronder uiteengesit. Waar kopers nie bespreek nie of waar die transporteerder nie op die geallokeerde tyd opdaag nie, sal die betrokke instruksie óf nie hanteer kan word nie, óf eers ná ander besprekings hanteer word. Maak asseblief seker dat u transporteerder van hierdie reëlings bewus is ten einde enige ongerief en verdere kostes te verhoed.

➢ Die volgende inligting word benodig wanneer graan uitgelaai en/of bestel word:

  - Koperkode, kontraknommer en silo waar gelaai word;
  - Tonnemaat;
  - Datum wanneer uitlaai beoog word;
  - Transporteerder se besonderhede. Epos transporteerder se besonderhede (naam van die transporteerder, voertuigregistrasie-nommer en identiteitsnommer van bestuurder) aan hoofkantoor en relevante silo;
  - Spoorvervoer: Sylynnommer en Transnet rekeningnommer.
  - Onttrekkingsdokument voltooi en indien.

➢ **Bogenoemde besonderhede moet gestuur word aan Corne Olivier per epos of u kan haar kontak by (018) 464 7226. E-pos: senwesgrainstock@senwes.co.za.**

➢ Uitlaai instruksienommer word aan u voorsien, waarna die toepaslike reëlings vir die uitlaai van die produk by die gepaste silo gereël moet word.

➢ Waar bestellings per spoor geskied, moet u die voorafbeplanning wat deur Spoornet vereis word in gedagte hou.

➢ Laai reëlings moet minstens **10 (tien) werksdae** vooraf met die betrokke silo getref word. \`n Uitlaai instruksienommer beteken nie dat daar by die silo opgedaag kan word om uit te laai sonder vooraf reëlings met die silo wat behels uitlaaityd en datum nie.

  Senwes sal egter geen aanspreeklikheid oploop indien dit nie op die ooreengekome datum van uitlaai in staat is om uit te laai nie, en sodanige onvermoë om uit te laai ontstaan as gevolg van omstandighede buite Senwes se beheer.

➢ Enige veranderings aan instruksies sal nie by die silo geskied nie, maar moet gereël word by Senwes (Versporings), Corne Olivier (018) 464 7226. E-pos: senwesgrainstock@senwes.co.za.

- Indien dit sou gebeur dat Senwes nie `n betrokke graansoort of graad kan uitlaai by `n betrokke bedryfspunt nie, sal Senwes geregtig wees om die graan of graad beskikbaar te stel by `n alternatiewe bedryfspunt waar die graansoort of graad wel beskikbaar is, wat die kliënt in dieselfde posisie sal plaas as die aanvanklike bedryfspunt soos omskryf in die JSE voorskrifte.

- Indien graan onder beroking is by `n bedryfspunt sal Senwes die mark van die beroking in kennis stel. Graan sal nie uitgelaai word tydens beroking nie en sal Senwes in so geval nie verplig wees om die uitlaai van die betrokke graan by alternatiewe bedryfspunte te laat plaasvind nie. Senwes sal ook nie verplig wees om graan vir uitlaai by alternatiewe silos beskikbaar te stel nie waar die onvermoë om uit te laai toe te skryf is aan faktore buite Senwes se beheer of in geval van gesondheidsrisiko's waar die uitlaai van graan onmiddellik gestaak kan word.

- Senwes is van voorneme om die spesifieke graad wat die kliënt waartoe hy geregtig is sou wou onttrek, uit te laai volgens die graderingsregulasies soos gepubliseer in die relevante staatskoerant. Indien `n kliënt spesifieke graderings resultate of addisionele toetse op die spesifieke graansoort of graad sou versoek, sal dit vir die kliënt se eie koste verwys word na `n onafhanklike geakkrediteerde instansie, met dien verstande dat Senwes se amptelike vrywarings dokumente onderteken is. Enige versoeke rakende graan kwaliteit kan per e-pos gerig word aan grainquality@senwes.co.za.

- Geen eise vir kort massa sal oorweeg word wanneer graan per pad by silo's opgeneem word nie.

- Alle instruksies/kontrakte wat op 'n ex-silo basis uitgereik word sal Senwes nie instaan vir die vervoer koste indien 'n graderings dispuut verklaar word nie, sowel as in die gevalle waar kliënte gebruik sou maak van eksterne of derde party gradeerders tydens uit laai. Let ook dat geen eksterne gradeerder of derde party gradeerder toegelaat sal word om operastionele besluite te neem tydens die uitlaai van graan by Senwes se bedryfspunte nie.

- Indien vragmotors per abuis oorlaai word sal die bestuurder van die vragmotor versoek word om die geskikte hoeveelheid af te laai. Geen vragmotor sal oorlaai word nie – slegs die wetlike dravermoë van vragmotors sal gelaai word.

- Waar silosertifikate of voorraadoorplasings tussen kliënte betrokke is, word slegs die versporingsdokumentasie wat die vragmotor of treintrok vergesel, voorsien.

- Waar 'n instruksie, op versoek van die kliënt gewysig word en geen graan is uitgelaai nie, sal die wysigings kosteloos gedoen word. Indien graan reeds op die instruksie uitgelaai is en 'n wysiging word versoek sal die koste R6.00 per ton (BTW uitgesluit), R6.90 per ton (BTW ingesluit) beloop met 'n minimum tarief van R114.20 (BTW uitgesluit) en R131.33 (BTW ingesluit).

- Waar 'n vrag op 'n instruksie gelaai is, en Senwes versoek word dat instruksie gekanselleer word, is die kliënt verantwoordelik vir die betaling van die hanteringbedrag (soos hierbo onder die Berging- en Hanteringtariewe uiteengesit) ten opsigte van die aflaai van die graan.

- Indien daar toestemming versoek word om na-ure te laai, moet die versoek reeds 5 werksdae vooraf gerig word aan die streekbestuurder van die betrokke silo vir goedkeuring. Indien goedgekeur sal die kliënt telefonies of per e-pos daarvan verwittig word. Daar is geen verpligting op Senwes om wel na-ure uitlaai goed te keur nie. Die kliënt moet skriftelik/per e-pos, bevestig dat die kliënt bereid is om die na-ure laai tarief van R21.29 per ton (BTW uitgesluit), R24.48 per ton (BTW ingesluit) te aanvaar vir Koring, Gars, Mielies en Graansorghum. Oliesade se tarief sal op 'n latere stadium bekend gemaak word.

**Kragonderbrekings en kragopwekker**

- Die volgende is van toepassing slegs by Senwes silo's wat toegerus is met kragopwekkers wat in staat is om die elektriese lading van die betrokke silo te kan hanteer. Senwes kan kliënte akkommodeer deur van kragopwekkers gebruik te maak by sommige van ons silo's.

- Van die Senwes silo's word egter verder geaffekteer deur die munisipaliteite wat tans erge probleme ondervind met hul elektrisiteit distribusie.

- Senwes het nie beheer oor bogenoemde nie en affekteer dit die operasionele bedrywighede van die silo. Dit plaas egter 'n baie hoë koste op Senwes om deurlopend van kragopwekkers gebruik te maak en is Senwes genoodsaak om die volgende reëling in plek te stel vanaf 1 Mei 2021.

- Die koste om graan met behulp van 'n kragopwekker uit te laai beloop R51.78 per ton. Senwes is bereid om R34.52 per ton (BTW uitgesluit) by te dra tot die koste. Indien koper / eienaar van die graan bereid is om die addisionele R17.26 per ton (BTW uitgesluit),R19.85 per ton (BTW ingesluit) te betaal vir die gebruik van 'n kragopwekker, kan Senwes die laaibeurte tydens kragonderbrekings diens.

- Hierdie is 'n vrywillige deelname en indien 'n kliënt nie van die opsie gebruik wil maak nie, sal die kliënt se laai gleuf aanskuif, indien moontlik, tot wanneer die kragonderbreking opgehef word. Indien nie sal die laai gleuf verval.

- Geen vragte sal tydens kragonderbreking uitgelaai word met behulp van 'n kragopwekker tensy die graan eienaar skriftelik daartoe toegestem het nie, en sodanige toestemming aan die betrokke silo gestuur of gelewer het nie.

- Die graan eienaar sal met die kragopwekker tarief (waar van toepassing) gefaktureer word, welke betaalbaar is binne 30 dae na datum van faktuur.

## 10. DISPUUT PROSEDURES

Dispute word as volg hanteer:
Alle dispute moet aan ListSenwesGrainDisputes@senwes.co.za gestuur word
Die doel van hierdie prosedure is om die koper te help om die regte stappe te volg ten opsigte van 'n dispuut, wat sal verseker dat sy koste verhaal word indien die dispuut suksesvol is.

**'n Dubbel buis steker sal gebruik word vir die monsterneming van 'n omstrede besending.**

GRADERINGS DISPUTE

'n Dispuut moet per besending verklaar word (1 wa of 1 vragmotorvrag) en dienooreenkomstig hanteer word.

- Alle dispute moet telefonies met die dispuut beampte by Senwes Hoofkantoor verklaar word. Telefoniese dispute moet skriftelik bevestig word vir registrasie.
- Dispute moet skriftelik op die voorgeskrewe dispuut vorm (beskikbaar by die dispuut klerk) deur die kliënt (die kontrakparty met Senwes) ingedien word. Slegs geregistreerde dispute sal oorweeg word.
- Die dispuut begin na ontvangs van 'n voltooide geskrewe dispuut verklaring vergesel van 'n voltooide skriftelike graderingsverslag. (E-pos)
- Monsterneming en gradering moet gedoen word in ooreenstemming met die regulasies vir die spesifieke kommoditeit soos uiteengesit in die relevante Staatskoerant, en moet deur 'n gekwalifiseerde gradeerder met die nodige graderings sertifikate ten opsigte van die spesifieke kommoditeit gedoen word.
- Indien 'n arbiter die dispuut (versending) ondersoek, moet die voorgeskrewe graderingstoerusting beskikbaar en in werkende toestand wees. As die graderingstoerusting nie beskikbaar is nie, sal die Senwes oorspronklike gradering volgens versendingsdokument aanvaar word.
- Indien 'n besending afgelaai word voor registrasie van ‘n dispuut en aanvaarding daarvan, sal geen dispuut of aanspreeklikheid berus nie en word die Senwes-gradering as finaal en korrek aanvaar.
- Geen dispuut kan verklaar word ten opsigte van ‘n besending waarvoor die koper toestemming verleen het vir die vermenging van verskillende soorte produkte nie.
- Sou die koper - wat die kommoditeit by Senwes gekoop het - nie die party wees wat die geskil aanhangig maak nie (voormalige koper het herverkoop, of die eienaarskap van die kommoditeit aan 'n derde party oorgedra het - "derde party"), behou Senwes hom die reg voor om onderhandel met die derde party om die geskil op te los.
- Indien die dispuut nie suksesvol is nie sal die koper of persoon wat dispuut geregistreer het verantwoordelik wees alle koste verbonde daaraan om die dispuut af te handel. Sodanige kostes is betaalbaar aan Senwes by finalisering van die dispuut.

MASSA DISPUTE

- Gewigsbepaling word gedoen op Senwes gekalibreerde en geverifieerde weegbrûe en is finaal soos dit deur die vervoerder gelaai en aanvaar word. Indien die ontvanger van mening is dat 'n fisiese verlies tydens vervoer plaasgevind het, moet die verlies van die betrokke vervoerder verhaal word.

ARBITER

- Senwes kan aandring op die aanstelling van 'n onbevooroordeelde arbiter om 'n betwiste Senwes-besending te ondersoek voordat besluite gefinaliseer word. Daar moet ooreengekom word op die spesifieke arbiter- en arbitrasiekoste (skriftelik) na registrasie van die dispuut, en sodoende kan Senwes vrygestel word van enige verwante koste.
- Senwes is slegs vir die koste van die arbiter aanspreeklik indien daar op die bostaande grondslag ooreengekom is.

SPOORVERVOER

- 24 uur word toegelaat waartydens 'n dispuut opgelos kan word, en vir welke tydperk geen koste geëis mag word nie. (Vervoerkoste, onkostes en graderingskoste)
- Besendings wat per spoor vervoer word en langer as twee weke (10 dae) onderweg is, kan Senwes nie verantwoordelik gehou word op eise rakend insekbesmetting nie.

PADVERVOER

- Vervoerkoste as gevolg van dispute word afsonderlik van graderings dispute hanteer.
- Indien 'n dispuut ten gunste van die koper besleg word, moet vervoertariewe vir retoervragte onderhandel en bevestig word tussen Senwes en die Vervoerder. Senwes sal slegs onderhandel vir 'n markverwante vervoertarief.
- Gedurende normale werksure (07:00 - 17:00 weeksdae, uitgesluit Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae), word drie (3) ure toegelaat waartydens 'n dispuut opgelos kan word voordat enige koste verhaal kan word.
- Besendings moet binne redelike tyd vervoer word met inagneming van die afstand tussen laaipunt en aflaaipunt. In die geval dat 'n vrag nie binne 'n redelike tyd by sy bestemming afgelewer kan word nie, moet dit aan Senwes die dispuut kantoor gerapporteer word. Indien bogenoemde nie van toepassing is nie, is die besending se verantwoordelikheid van die koper en kan geen dispuut verklaar word nie.

EX SILO / OORGRENS VRAGTE

- Geen dispute rakende gradering en/of insekbesmetting van enige besendings sal aanvaar word deur Senwes sodra die besending of vrag oor die Suid Afrikaanse grens vervoer is nie. Senwes aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige moontlike dispuut op vragte buite die grens van Suid Afrika.

**Navrae:**

*Administrasie en Boerevoorraad*
Melissa Wiese • (018) 464 7893
senwesgrainstock@senwes.co.za

*Silosertifikate*
Jenita Jooste• (018) 464 7624
Jenita.Jooste@senwes.co.za

*Versporing*
Corne Olivier • (018) 464 7226
senwesgrainstock@senwes.co.za

*Uitvoerende Finansiele Bestuurder*
Annerie Myburgh • (018) 464 7484
Annerie.Myburgh@senwes.co.za

*Uitvoerende Bestuurder: Grainlink*
Kobus Strauss (018) 464 7109
Kobus.Strauss@senwes.co.za

*Bestuurder Silobedryf*
Heinrich Henning • (018) 464 7396
Heinrich.Henning@senwes.co.za

## 11. VOEDSELVEILIGHEID: VOEDSELHIGIËNE

11.1. Vragmotors, trekkers en waens sal tydens lewerings geïnspekteer word om te verseker dat glas, olie, diesel, verkoelerwater, stukke metaal, ensovoorts nie in die graan kom nie. Seile wat gebruik word moet ook skoon en insekvry wees.

11.2. Die kliënt (hetsy produsent of verskaffer) verseker en waarborg met elke lewering van graan dat:

- die graan geskik is vir menslike en dierlike gebruik;
- alle chemiese toedienings voldoen aan die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, Wet 36 van 1947, en die Wet op Landbouprodukstandaarde, Wet 119 van 1990 of enige ander toepaslike wetgewing, dat volledige rekord gehou is van alle chemiese toedienings op die produk wat gelewer word;
- die graan nie besmet is met enige skadelike toksines of enige gifstowwe wat skadelik of gevaarlik is vir menslike en dierlike gebruik.

11.3. **Kliënt se chemiese verklaring**

Kliënte moet hulself vergewis van die wetlike vereistes ten opsigte van chemiese middels en voldoen aan die standaarde soos daarin neergelê. Kliënte sal verplig wees om tydens lewerings 'n verklaring van nakoming by die **Senwes silo waar hulle graan wil lewer**, in te dien saam met elk graanlewerings opdrag waarin hul verklaar dat hul:

- die voorskrifte nagekom het
- nie onwettige middels en/of
- geen foutiewe dosisse en/of
- op verkeerde tye van die wettige middels toegedien het nie.

**Vir die volledige bewoording sien asb. Bylaag 1**.

Vir die gerief van die Kliënt is die chemiese verklaring agterop die Graan Lewerings Opdrag (GLO) aangebring en kan per vrag voltooi word.

Sou die kliënt nalaat om die Chemiese Verklaring te voltooi, word aanvaar dat die kliënt waarborg dat aan die vereistes voldoen word. Dit is die kliënt se plig om enige nie nakoming of afwyking van voormelde skriftelik aan Senwes te rapporteer.

11.4. Senwes sal ter enige tyd volgens sy diskresie geregtig wees, om ondersoek in te stel na die nakoming van hierdie vereistes en om monsters te neem vir ontleding. Senwes behou die reg om vragte weg te wys indien daar enige vermoede bestaan dat regulasies en/of wetgewing nie nagekom is nie.

## 12. VERMENGING VAN GRAAN

Senwes stoor graan van dieselfde tipe en kwaliteit in losmaat, op sodanige wyse dat vermenging van dieselfde tipe en kwaliteit plaasvind. Kliënte wat graan by Senwes stoor kan slegs aandring op dieselfde tipe en kwaliteit graan soos omskryf in die toepaslike graderingsregulasie en kan slegs graan van soortgelyke kwaliteit onttrek of bemark. Senwes behou die reg voor om by teruglewering van die graan 'n soortgelyke, beter of swakker kwaliteit te lewer.

## 13. GRAANLEWERINGSOPDRAG

13.1. Geen graan sal ontvang word indien 'n graanleweringsopdrag nie volledig deur die kliënt voltooi en geteken is nie.

13.2. Silopersoneel mag nie 'n leweringsopdrag namens die kliënt voltooi en onderteken nie.

13.3. Kliënte kan nie 'n aanbod om graan te verkoop of versoeke in die verband op die graanleweringsopdrag aandui nie en sal Senwes nie daarvan kennis neem nie. Indien kliënte hul graan aan Senwes wil verkoop kan met Senwes se Graanverkryger kontak gemaak word.

13.4 Kliënte mag persone volmag gee volgens die voorgeskrewe vorm om leweringsopdragte namens hulle te teken.

## 14. FORCE MAJEURE KLOUSULE

Indien Senwes weens force majeure, oorlogsdaad, brand, stakings, rumoer, of arbeidsgeskille, mislukking van masjinerie of ander oorsake buite sy beheer verhinder word om enige van sy verpligtinge hiervolgens uit te voer, is Senwes nie aanspreeklik vir nie- nakoming van sy verpligtinge of van sy uitvoering op 'n tyd wat verskil van die tyd wat die party dit behoort na te kom. Verligting van aanspreeklikheid vir nie-nakoming op grond van die bepalings van hierdie klousule sal 'n aanvang neem op die datum waarop Senwes kennis gee van die force majeure-oorsaak waarop gesteun word en sal eindig op die datum waarop sodanige beletsel ophou bestaan.

Indien u enige verdere inligting verlang, kan u met Heinrich Henning, Bestuurder Silobedryf, skakel te (018) 464-7396.



**HEINRICH HENNING**
**OPERATIONELE BESTUURDER SILOBEDRYF**
**Vergewis u van hierdie verklaring agterop die Graan Lewerings Opdrag**

**CHEMIESE VERKLARING** **Bylaag 1**

Ek, die ondergetekende,

Voorletters en Van: ________________________________________

Naam van plaas: ________________________________________

Posadres: ________________________________________

Lid nommer: ________________________________________

Wat van voorneme is om graan te lewer by die volgende silo's van Senwes.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Neem hiermee kennis van die gebruik van chemiese middels en beperkings daarop op graan soos vervat in die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels(*Wet 36 van 1947)* en ander tersaaklike wetgewing. By ondertekening hiervan bevestig ek dat ek myself vergewis het van alle relevante maatreëls in die verband (wetgewend en andersyds), dit begryp en verstaan en ook volledig daaraan voldoen het.

Spesifiek bevestig ek:

1. ek bewus is dat wetlike vereistes neergelê is met betrekking tot die gebruik van sekere onkruiddoders, insekdoders en verskeie ander landboukundige chemikalieë en die residu-vlakke van die relevante produkte wat in die produk teenwoordig mag wees en wat toegedien mag word.

2. dat ek verplig sal wees om voor lewering hierdie verklaring van nakoming by Senwes in te dien en ek verklaar dat ek die voorskrifte nagekom het en nie onwettige middels en/of teen foutiewe dosisse of op verkeerde tye, van die wettige middels toegedien het nie.

3. dat Senwes ter enige tyd volgens sy diskresie geregtig sal wees om ondersoek te doen met betrekking tot die nakoming van hierdie vereistes en om monsters te neem vir ontleding.

4. dat graan wat nie aan die vereistes voldoen nie, nie vir lewering aanvaar word nie en force majeure nie daarop van toepassing sal wees nie. Hierdie bepaling sal van toepassing wees selfs waar die graan aanvanklik deur Senwes aanvaar word en daarna vasstel dat die graan nie aan bostaande vereistes voldoen nie.

GETEKEN: : ____________________

PLEK : ____________________

DATUM : ____________________

**HACCP 1.4.5**
**ONDERWERP: PRODUSENTE CHEMIESE VERKLARING**

**DOEL**
Verklaring van produsent ten opsigte van die veilige gebruik van chemiese middels.

**OMVANG**
Alle graan.

**DEFINISIES**
Geen.

**VERWYSINGS**
Jaarlikse skrywe ten opsigte van Oesreëlings

**VERANTWOORDELIKHEID EN OUTORITEIT**

**Silobestuurder**
Ontvang produsent se onderneming ten opsigte van chemiese bespuiting, kontroleer die landbouchemikalieë wat gespuit is en let op enige afwykende chemiese produk

**Innameputoperateur**
Afsonderlike berging van gekontamineerde produk

**DOKUMENTE**
Omsendbriewe oor Somergraan en Wintergraan Oesreëlings

**REKORDS**
Onderneming ten opsigte van chemiese bespuiting
Rekord ten opsigte van chemiese bespuiting [paspoort] (slegs vir IP produkte).
Inventaris van produsente wie reeds hul chemiese verklarings ingedien het.

**INSTRUKSIE**
Neem hiermee kennis van chemiese middels en beperkings op die graan wat gelewer sal word, soos vervat in die Wet op Landbouprodukstandaarde (1990)

Ek (Verkoper) is bewus van die feit dat:

1. Dit word op rekord geplaas dat wetlike vereistes neergelê is met betrekking tot die gebruik van sekere onkruiddoders, insekdoders en verskeie ander landboukundige chemikalieë mag wees en wat toegedien mag word.

2. Die Verkoper moet toesien dat hy hom vergewis van die wetlike vereistes en dat hy moet voldoen aan die standaarde soos daarin neergelê.

3. Die Verkoper sal verplig wees om voor lewering `’n onderneming van nakoming by die Koper is te dien waarin hy verklaar dat hy die voorskrifte nagekom het en nie onwettige middels en/of teen foutiewe dosisse of op verkeerde tye, van die wettige middels toegedien het nie.

4. Die Koper sal ter enige tyd volgens sy diskresie geregtig wees om ondersoek te doen met betrekking tot die nakoming van hierdie vereistes en om monsters te neem vir ontleding.

5. Graan wat nie aan vereistes voldoen nie sal nie vir lewering aanvaar word nie en force majeure sal nie daarop van toepassing wees nie.

GRAAN WAT MET DIE VERKEERDE TIPE OF DOSIS CHEMIKALIËE BESPUIT IS, KAN BY DIE SILO GELEWER WORD EN IS DIT DUS BELANGRIK DAT DIE VOLGENDE PROSEDURE GEVOLG WORD OM VERDERE KONTAMINASIE TE VOORKOM:

1. Verkry die produsent wat by u silo wil lewer se onderneming en rekords ten opsigte van chemiese bespuiting voordat die oes begin en hou die dokument(e) op lêer.

2. Ruik aan die graan by die monsternemingspunt, voor inname.

3. Indien daar enige afwykings in voorkom, neem ’n monster en stuur in ’n lugdigte houer na die Graan laboratorium by Hoofkantoor vir ontleding.

4. Berg die graan apart op in los maat in 'n afgebakende area van 'n stoor of sak uit.

5. Bewaar die graan totdat die uitslag van die ontleding deur die Graanlaboratorium by Hoofkantoor bekend gemaak word en ’n aanbeveling gedoen is.

VOLG HIERDIE VOORSKRIFTE OM PRODUSENTE VOLDOENDE IN TE LIG TEN OPSIGTE VAN CHEMIKALIEË WAT OP GRAAN GEBRUIK MAG WORD:

1. Die Wet op Landbouprodukstandaarde (1990) lê vereistes neer met betrekking tot die gebruik van sekere onkruiddoders, insekdoders en verskeie ander landboukundige chemikalieë en die residu-vlakke van die relevante produkte wat in die produk teenwoordig mag wees en wat toegedien mag word.

2. Die lys van geregistreerde middels word gereeld aangepas soos nuwe landbouchemikalieë geregistreer word vir verskeie aanwendings en dit is baie belangrik dat die boer op hoogte bly daarvan.

3. Die Landbounavorsingsraad (LNR) se Instituut vir Graangewasse op Potchefstroom (Tel. 018 – 299 6100) en die Kleingraan Instituut op Bethlehem (Tel. 058 – 307 3400) publiseer elke jaar riglyne in die verband in die Mielieinligtingsgids en die Handleidings vir die produksie van kleingrane. Die publikasies word gratis aan produsente verskaf.

TER NAKOMING MOET DIE PRODUSENT:

1. Toesien dat hy hom vergewis van die wetlike vereistes en dat hy voldoen aan die standaarde soos daarin neergelê.

2. Let op na die etiket-voorskrifte rakende registrasie van middels vir spesifieke gewasse in die geval van ’n bepaalde onkruid, swam of plaag wat beheer wil word.

3. Aandag gee aan die tipe spuitpunte, tyd van toediening, spuitlewering, gebruiksbeperkings, mengbaarheid met ander produkte, veiligheidsmaatreëls en vervaardigingsdatum.

4. Die lotnommer en die vervaardigingsdatum van die houers vir naspeurbaarheid bewaar. Indien probleme vermoed word, sal geen amptelike monster uit 'n houer waarvan die seël gebreek is, geneem kan word nie.

5. Altyd daarop aandring dat alle aanbevelings op skrif gestel word.

6. Uitvind of die agent of verteenwoordiger wat aanbevelings maak, aan die nodige vereistes voldoen, soos deur ACDASA (Agricultural Chemical Distribution Association of South Africa) voorgeskryf word.

## NB: Hierdie dokument moet volledig voltooi word

---

**AANSOEK VIR UITLAAI INSTRUKSIE VAN GRAAN**

Indien 'n Maatskappy / Vennootskap/Beslote Korporasie/Trust is Ek/Ons behoorlik daartoe gemagtig

**KOPER KONTAK BESONDERHEDE**

**Naam:** ______________________ **Tel nr.:** ______________________

**Selfoon nr.:** ______________________

**Nommer:** ☐☐☐☐☐☐

**Kontrak nr.:** ______________________ **E-pos:** ______________________

**Verwysing:** ______________________ **Faks nr.:** ______________________

**KONTAK PERSOON**

---

**GRAAN BESONDERHEDE**

**Graansoort** ______________________ **Graad** ______________________

**Silonaam** ______________________ **Tonnemaat** ______________________

**Besprekings nr.**

---

**VERSENDING BESONDERHEDE**

**BESTEMMING: NAAM** ____________________ **PER SPOOR** ______________________

**ADRES** ____________________ **SPOORNET REK NR** ______________________

____________________ **SYLYN** ______________________

____________________

**DORP/STAD** ____________________

**PER PAD**

**VOERTUIG REG NR** ______________________

**VOERTUIG REG NR** ______________________

**KONTRAKTEUR** ____________________ **VOERTUIG REG NR** ______________________

**KONTAK PERSOON** ____________________ **VOERTUIG REG NR** ______________________

**KONTAK NR**

---

**ALGEMENE VOORWAARDES**

1. Senwes behou die reg voor om die uitreiking van 'n uitlaai instruksie te weerhou tot tyd en wyl die koper sy finansiële verpligtinge teenoor Senwes nagekom het.
2. Aansoek vir uitlaai instruksie moet volledig voltooi word en aan Senwes se hoofkantoor gestuur word.
3. Lewerings reëlings moet minstens 10 werksdae vooraf met die betrokke silo getref word. Uitlaai instruksie nommer beteken nie dat daar by silo opgedaag kan word om uit te laai sonder vooraf reëlings met die silo vir uitlaai tyd en datum nie.
4. Senwes sal geen uitlaai instruksie besonderhede aan 'n derde party verskaf nie.
5. **Die koper vrywaar Senwes van enige skade wat moontlik gely mag word agv foutiewe uitlaai instruksie besonderhede verskaf aan die transporteer. Koper bly verantwoordelik vir die verskaffing van inligting aan die transporteer. Koper magtig Senwes om inligting in verband met Instruksies aan transporteerder bekend te maak. Senwes is egter nie verplig om sodanige inligting te verskaf nie, en die magtiging beïnvloed nie die Koper se verpligting in die verband nie**.
6. Indien koper nie binne 3 werksdae nadat aansoek vir uitlaai instruksie geplaas is van 'n uitlaai nommer voorsien is nie moet die koper navraag doen by bogenoemde kontak persone.

**Bylaag 3**

# Boerevoorraad Oorplasing

Hiermee gee ek (Lidnommer naam): ______________________________________________

Kliënt Nr/Senwes Lidnommer: ____________________________________________________

Opdrag aan Silo:_________________ en toestemming om van my boere voorraad graan aan die volgende instansies/persoon te lewer of oor te plaas.

Instansie/Ontvangde kliënt Naam: ________________________________________________

Kliënt Nr/Senwes Lidnommer: ____________________________________________________

Silo: _____________________________________________________________________

Graansoort/Kommoditeit: ______________________________________________________

Graad: ____________________________________________________________________

Massa: _____________________________ TON

**Voorwaardes:**

Alle koste (hantering, opberging en oorplasings koste) is vir die 1ste kliënt se rekening.

Oorblywende voorraad moet voldoende wees vir sekuriteit vir Rek 400(gefaktureerde en ongefaktureerde kostes), indien die oorblywende voorraad nie voldoende sekuriteit bied nie sal Senwes aan die Silo en Kliënt 'n epos stuur met die kostes wat betaalbaar is, kliënt of Senwes kan ook versoek om oorplasings massa te verminder om voldoende sekuriteit te verseker.

Vir enige oorplasings/rekening navrae skakel: Melissa Wiese (018) 464 7893 of
Anelda Jacobs (018) 464 7650

Handtekening: ________________ Datum: _________________

Senwes

09 September 2025

**Onderwerp: Versoek om Gebruik te Maak van die Senwes-Fasiliteringskontrak**

Geagte Waardevolle Kliënt

Senwes wil versoek dat alle kopers gebruik maak van die Fasiliteringskontrak vir produsente wat graan lewer by silo's op 'n koper se folionommer.

Die besonderhede van die fasiliteringsproses is soos volg:
Die koper bevestig aan Senwes dat 'n spesifieke produsent (bv. ABC Boerdery) 'n bepaalde hoeveelheid graan (bv. 500 ton YM1) namens die koper sal lewer. Senwes skep dan 'n fasiliteringskontrak teen die produsent se folionommer, terwyl die fisiese graan in die koper se naam ontvang word.

Hierdie diens help aansienlik met die rekonsiliasie van lewerings, aangesien die produsent se naam op alle graanleweringsverslae sal verskyn, wat opspoorbaarheid en deursigtigheid verbeter. Dit voorkom ook verkeerde lewerings, soos WM2 of WM3, wat op die koper se folionommer gelewer word. Graan kan slegs gelewer word teen die koper se folionommer waarvoor 'n kontrak geskep is.

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike punte:

- Hoeveelhede in 'n fasiliteringskontrak kan enige tyd vermeerder of verminder word soos nodig.
- Daar is geen bykomende koste verbonde aan hierdie fasiliteringsdiens nie.
- Senwes vereis dat alle kopers gebruik maak van hierdie diens, aangesien ons nie meer siloontvangste sal kanselleer waar graadafwykings voorkom nie.
- Senwes kan nie verantwoordelik gehou word vir kommentaar wat nie by lewerings voltooi is nie, wanneer hierdie fasiteringsdiens nie gebruik word nie.
-

Senwes bied hierdie fasiliteringsdiens spesifiek aan om beter administrasie, opspoorbaarheid en akkuraatheid vir alle partye betrokke te ondersteun. Ons doen 'n vriendelike beroep op u om van hierdie meer doeltreffende proses gebruik te maak tot voordeel van alle partye.

Kontak ons asseblief indien u hulp benodig of enige vrae het rakende hierdie proses.

Vriendelike groete

Annerie Myburgh
Finansiële Uitvoerende Beampte: Grainlink

Should you require any further information or assistance please contact:
Melissa Wiese 018 464 7893 – melissa.wiese@senwes.co.za
Anelda Jacobs 018 464 7650 – anelda.jacobs@senwes.co.za

# DIE KORINGSEISOEN IS OP HANDE

## en ons wil dit vir jou nóg meer die moeite werd maak om jou graan by ons te stoor!

**Spaar 40%** op jaarstoorkoste vir alle eerste koringlewerings wat dié graan vir 4 maande by Senwes stoor. Geldig vanaf 1 Oktober 2025.

**Van toepassing op die onderstaande silo's en graansoorte:**

| KORING | INVOERKORING (Bonded silo's) |
| --- | --- |
| Brandfort | Steynsrus |
| Bloemfontein | Hoogte |
| Tierfontein | |

Moenie hierdie geleentheid deur jou vingers laat glip nie – laer stoorkoste beteken meer wins in jou sak!

Vir enige navrae, kontak gerus vir Annerie Myburgh by **018 464 7285 of Annerie.Myburgh@senwes.co.za.**

